DANIEL 10, JESAJA 6 NGK MIEDERPARK 3/5/09

TEMA: <u>DIE HEILIGHEID VAN GOD.</u> Ds Okkie Cilliers

Ons glo in ’n genadige en barmhartige God. Genadig omdat Hy *vergewe* as ons sondig (Jes 55:7) en barmhartig omdat Hy altyd daar sal wees en ons deur die lewe en veral deur die donker dae dra (Ps 46). Die beloftes uit die Woord en die getuienisse van elke dag bevestig dit. Dit is vir ons kosbaar en ons bemoedig mekaar daarmee.

Maar ek wonder baie oor die genadige en barmhartige God. Ek kyk na myself en dit wat ek raak sien, maak my bekommerd want die genade en barmhartigheid van God klop nie lekker met my lewe nie! Ek kyk ook na ander Christene en ek wonder of hulle ook bekommerd is? Ek het meer as ’n slegte vermoede dat ons van die genade en barmhartigheid iets anders gemaak het as wat dit moet wees want God nie meer regtig ***God*** in ons lewens is nie. Dit lyk of dit meer om genade en barmhartigheid gaan as om God self – God word so goed, saggies en teer dat dit vir ons die ruimte laat om te maak net wat ons wil want God is mos goed!

Mense verander nie. Ek vra myself dikwels af hoekom is daar so iets soos ’n kerk? Wat help al die moeite met die kerk ons? Want mense verander nie regtig nie. Hoekom preek ek? Wat sal gebeur as ek nie preek nie... wat gebeur as ek preek? Want kerkmense hoor die dinge, maar gaan huis toe en baie min verander. Die wat met ’n humeur sit, word steeds kwaad, die wat verslaaf is, breek nie daarmee nie, die wat skinder hou aan met praat, die wat kwaad is word kwater, die wat lui is, word luier, die besiges word besiger... Steur mense hulle aan die kerk? Beslis ja! Want somtyds word mense geraak , *maar of hulle verander*...? Dit lyk nie so nie. Alhoewel hulle somtyds skuldig voel oor dinge, gaan hulle m慼e/oorm慼e weer aan met dieselfde dinge en mense. As hulle in die moeilikheid is, is dit natuurlik ’n ander storie. Dan “probeer” hulle die Here om uit die moeilikheid te kom en het die wonderlikste voorneme om dinge anders te doen! Maar verander...?!

✍➶☐■♦ ♦♓⌘♏🖬🗁 ➶♋♍♏🖬✂❄♓❍♏♦ ☠♏◆ ☼☐❍♋■✂☮ Dan s?hulle: ”Gelukkig is die Here genadig en barmhartig!”

Dit raak vir my al hoe duideliker dat dat eers ‘n geweldige en belangrike ding moet gebeur voordat ons kan aanspraak maak op die genade en barmhartigheid van die Here. *En daardie ding is die bekering nie – dit volg op bekering*. Want ek ken talle mense wat regtig die Here ken en Jesus as die Verlosser ontmoet het, maar tragies met ’n goedkoop genade en barmhartighied leef. Daar is baie bekeerdes wat kragteloos geword het en hulle s?wel hulle probeer om soos Jesus te leef. Maar eintlik doen hulle soos hulle wil; s?net wat hulle wil, kyk wat hulle wil...

✍➶☐■♦ ♦♓⌘♏🖬🗁 ➶♋♍♏🖬✂❄♓❍♏♦ ☠♏◆ ☼☐❍♋■✂☮ Dan s?hulle: ”Gelukkig is die Here genadig en barmhartig!”

Die probleem is dat ons onsself wil sien soos ons dit ons pas en nie soos die Here ons sien nie. **Jy sal die genade en barmhartigheid van God nie verstaan as jy jou nie sien soos God jou sien nie.** Ons wil die sagte kant van God sien en beleef voordat ons onsself gesien en beleef het soos wat ons regtig is. Die oomblik as jy God sien, sien jy jouself en dan verstaan jy wat die genade van die Here beteken.

Dani䁾 was ’n belangrike man. Hy het aansien gehad want met verloop van ’n lang tyd wat verskeie konings oorleef het, het hy homself bewys as iemand waarop gereken kon word. Hy het ’n reputasie gehad as iemand wat nie omgekoop kan word nie en ’n vaste geloof het wat leeus se bekke toegesluit het. Hy het dinge gesien wat ander mense nie kon sien nie en dinge uitgel?wat vir gewone sterflinge onverstaanbaar is. Dani䁾 was ’n belangrike man wat van kleintyd af tot op ’n baie gevorderde lewe die respek van mense gehad het.

✍➶☐■♦ ♦♓⌘♏🖬🗁 ➶♋♍♏🖬✂❄♓❍♏♦ ☠♏◆ ☼☐❍♋■✂☮ Maar die dag toe hy God sien, het hy homself regtig eers gesien.

Dani䁾 het ’n ervaring met die Here gehad wat hom tot stilstand geruk het en die lewe tot in sy fondamente verander het.

Ek hoor van baie mense wat s?hulle het ‘n ervaring met die Here gehad, maar hulle het nie verander nie. Een skryf ’n boek en vertel hoe die Here haar 40 dae en nagte die hel laat sien het (en nadat sy baie geld met die boek gemaak het, skryf sy een oor hoe die Here haar die hemel laat sien het) maar die boek drup van kritiek en leuens. ’n Ander een het so ’n ervaring en hy begin preek en mense hang aan sy lippe – maar sy skandes met geld word dig togesmeer. Ek luister na een wat die ervaring met God het en ’n TV kanaal begin. Hy vertel vir die mense hoe die Here vir hom ges?het dat hulle baie geld vir hom moet gee en dan bid hy vir hulle genesing. Maar die stories loop rond van sy eie private vliegtuig en die genesingsdienste wat op TV gekook word. Met die gepraat, geskryf en gepreek is daar seker nie iets mee verkeerd nie, maar ek wonder waar pas die heiligheid van God by alles in?! Ek wonder of hulle met die baie gepraat ooit tot stilstand geruk is?

As jy die heiligheid van God sien, raak jy doodstil. Want in God se heiligheid sien jy jouself soos jy regtig is en dan moet jy stilbly – as jy jou mond sou oopmaak sal die woede van God jou doodslaan. God se heiligheid konfronteer my eie onheiligheid.

<u>Kyk hoe beleef Dani䁾 dit.</u>

1. Hy word doodsbang en slaan soos ’n dooie op die grond neer. Hy kom in ‘n Lig wat elke donker hoekie van sy lewe oopmaak en hy raak so bewus van wat hy is en van sonde dat hy nie ’n enkele woord kan uitkry nie. Toe die heiligheid van God opdaag, dwing sy eie onheiligheid hom tot stilswye (kyk vers 15).

2. Die belangrike man met die belangrike poste en die belangrike menings sien homself soos God hom sien: vuil en onbelangrik wiese mening voor God niks tel nie (vers 17). Al wat tel is die heiligheid van God! Die Here verneder die belangrike man dat hy dom hande-viervoete moet kniel. Sy hele belewing van homself is ’n skokkende ervaring: ”Ek is sondig.”

3. Toe hy homself sien soos wat God hom sien, word hy mens in God se o? en God kan aan hom raak en hom gebruik. Eers toe hy God se heiligheid verstaan en die Lig van God die donkerte oopmaak, kon hy opstaan en praat oor die genade en die barmhartigheid van die Here. Genade kan eers verstaan word as die heiligheid van God opgedaag het!

4. Dis opvallend dat sy mond aanraak moes word voordat ?/span>hy kon praat oor genade.

Jesaja het ’n soortgelyke ervaring. Jesaja is ook ′n belangrike man wat vir baie jare en tydens die regerings van ′n hele paar konings die geestelike leier van die Jode was. Mense het na hom opgesien, sy raad kom vra en geluister as hy praat. Hulle het hom met rerspek en waardigheid behandel. Hy het dieselfde ervaring as Dani雒 gehad en sien engele wat uitroep dat God heilig is en in ′n?besonderse ervaring sien hy ′n beeld van God.

1. Sy eerste reaksie is ook die skokkende ervaring: ”Ek sien myself soos God my sien! Ek is vuil, ek is verlore, ek is onrein! Voor God se heiligheid kan ek nie staan nie!”

2. Hy moes eers met sonde deel voordat Hy oor God kon praat en God se genade beleef. Die belangrike man besef dat niks wat hy met die konings gedoen het en al die menings wat hy as profeet uitgespreek het, niks tel as God se lig in die donker begin skyn nie.?In God se heiligheid leer hy homself ken: niemand kan voor God met sonde kom nie!

3. Hy het dieselfde ervaring as Dani雒 dat die Here sy mond aanraak en toe eers kan hy praat dat God genadig is.

Die evangelie gaan oor net een ding: die heiligheid van God wat so groot is dat ek nie daar kan in nie. Want ek is vuil en besoedel. Gemeet aan my eie standaarde lyk ek nie te sleg nie, maar as die Here se heiligheid opdaag tel my standaarde nie.

> Wat help dit my om elke dag soos ’n Christenmens te leef, as U en ek albei weet dat die krag van God ontbreek? Wat help dit om toneel te speel en elke dag ’n klug te maak? Want ek weet aan die w陑eld gemeet is ek ‘n mooi mens, maar ek weet ek word aan Jesus gemeet en ek vra: “Here, is U skaam vir my?” Wat help dit my om alles te weet, maar nog steeds is ek nie vry nie? Wat help dit om U kind te wees maar die sonde wen in my? Wat help dit om U krag te ken, maar in wese is ek swak? Ek weet ek word aan Jesus gemeet en ek vra: “Here, is U skaam vir my?”

Ek wonder wat sal gebeur as die Here se teenwoordigheid VANDAG in hierdie kerkgebou opdaag? As die Jesus wat in Open 1 beskryf word as die Een met die o? wat deur alles sien voete van yster wat alles teen Hom met krag vertrap... hier opdaag en alles voor Hom oopmaak, wat sal gebeur? Want

God se heiligheid is iets anders as die "liewe Jesus wat saggies en teer" is omdat *ons met God te doen het!!* God se heiligheid is 'n verskriklike ding, en ons praat daarvan asof dit 'n alledaagse ding is.

Wat is die heiligheid van die Here? Ons dink dit is 'iets" waar ons kan in- en uitbeweeg – jy kan godsdienstig ingaan en jou ding doen (en dan s?mense dat hulle "naby aan die Here is") en later weer uitgaan as jy nie jou ding doen nie. God se heiligheid het 'n alledaagse ding geword waarmee mense 'n afspraak kan maak as hulle so voel.

✍➶☐■♦ ♦♓⌘♏🖬🗁 ➶♋♍♏🖬✂❄♓❍♏♦ ☠♏◆ ☼☐❍♋■✂☮ Nee! God se heiligheid is lewensgevaarlik en dit is lewensveranderend.

God het aan Dani⅏ en Jesaja geraak toe hulle hulself gesien het soos God hulle sien. Vandag is dit steeds dieselfde: *net mense wat in Sy heiligheid met sonde gedeel het en deur God aangeraak is, kan praat oor genade*! Daar is baie meer op die spel as om net tot bekering te kom en te s?jy weet jou saak met die Here is reg. Jy moet hande-viervoet voor God se heiligheid buig en daar is baie streng voorwaardes aan verbonde. Die eerste voorwaarde is dat **die Here Jesus as Persoon aan jou moet raak**. Dit het op 'n spesifieke manier gebeur, want mense wat aangeraak is, is dooie mense en net mense wat dood is, kan in God se heiligheid staan. Jy is vuil en dit beteken jy is dood – en sulke dooie mense kan nie by God staan nie. Jou "dood-heid" moet met lewe toegemaak word en dis waar die bloed van Jesus inkom – sy bloed is lewe en dit maak jou dood-wees toe. As jy voor God se aangesig wil staan sonder bloed, is jy dood. Heb 10 leer ons dat Jesus die dood geword het in jou plek en dat jy onder sy bloed vrye toegang het tot die heiligheid van die Here – *en daar is geen ander alternatief nie!* Jy kan wel vandag in die erediens saam met ander gelowiges in die Here se teenwoordigheid staan maar jy beleef nie noodwendig sy heiligheid nie. Die rede daarvoor is eenvoudig: jy is verrot in die sonde en jy het met die heilige God te doen – Hy soek jou nie voor Hom nie! (Moenie illusies daaroor h?nie.) Christus is God en net God kan voor God verskyn. Hy het (onverklaarbaar) mens (soos jy!) geword het en het namens jou met bloed/lewe betaal. Nou kan ek in Christus se bloed voor God verskyn – as ek in Christus, agter Christus, deur Christus... voor die Vader kom, sal ek kan leef. As die Vader jou sien sonder Christus se heiligheid, is jy dood. As die Vader jou in Jesus sien, is jy heilig (Kol 1:22).

2 Kron 7:14 gee goeie riglyne oor hoe die heiligheid van God jou mond aanraak. As jy nie hierdie riglyne ken en daarvolgens leef nie, *hoef jy hoegenaamd nie daaroor te wonder of jy voor die Here se aangesig staan nie – jy kan weet jy is nie daar nie!*

1. **Toon berou**: As jy in/deur/agter/met Christus wil word moet jy leer om die sonde (en die lewe) te sien soos wat God dit sien. God haat sonde en jy moet die sonde saam met Hom haat. Let wel: *daar is **geen** sonde in die Here se heiligheid nie.* As jy met sonde sit, of dit in die geheim of in die openbaar is, is jy onrein en moet jy jou kop in naakte vrees laat sak en hande-viervoet God se aanraking gaan soek. Berou oor die sonde beteken

✍➶☐■♦ ♦♓⌘♏🖬🗁 ➶♋♍♏🖬✂❄♓❍♏♦ ☠♏◆ ☼☐❍♋■✂☮ om dit by die naam te erken.

✍➶☐■♦ ♦♓⌘♏🖬🗁 ➶♋♍♏🖬✂❄♓❍♏♦ ☠♏◆ ☼☐❍♋■✂☮ om dit te breek – om 'n ooreenkoms met die Here te maak dat dit nou gestop het en dat dit nooit weer gedoen sal word nie.

Toets jouself hieraan: waar staan jy met die berou van/oor die sonde?

2. **Bid**: Hier word die manne van die seuns geskei want hier word die skeidslyn getrek vir diegene wat middelmatig is en diegene wat God se heiligheid soek. As jou gebedslewe daaruit bestaan dat jy iets aframmel en bid as jy iets nodig het, of as jy te besig is om te bid… het jy God nie nodig nie want jy het alles onder beheer. Dis net die een wat bid wat besef hoe arm hy voor God is, hoe verskriklik nodig hy die redding van Jesus in sy lewe het en hoe groot sy oorwinning in Jesus se opstanding is.

Toets jouself hieraan: waar staan jy met die gebede in Jesus se Naam?

3. **Vra na Sy wil:** God se wil is nie om kennis te h?nie, maar om 'n *openbaring van die Here te beleef* – om elke dag nuut en vars deur Hom aangeraak te word. Mense wat net kan praat oor wat die Here in die verlede gedoen het en tekste kan aanhaal oor die groot dinge van die Here, het nie noodwendig hande-viervoet voor God gestaan nie. Ja, God se heiligheid is nie "verlede tyd" nie - dis 'n lewenslange ontdekkingstog wat dag vir dag oopgemaak word. Eintlik is dit verspot maklik om te vra na Sy wil – sonder die Bybel en jou stiltetyd is jy met jou eie godsdienstige dinge besig en jy is nie voor God se aangesig nie! Dis 'n bonatuurlike ding wat nie met logika verklaar kan word nie: wie in 'n verhouding met die Woord staan ontdek meer en meer wat "heilig" beteken.

Toets jouself hieraan: waar staan jy met die Woord van God?

4. **Draai om:** Dit beteken letterlik in een rigting te loop en dan heeltemal in 'n ander koers te gaan. Ja, die heiligheid van die Here is nie om mooi woorde te s? met 'n veraf uitdrukking in die o?te droom oor die krag van die Here nie en nog minder om met mooi intensies ondernemings te maak nie. Mense in die gemeente s?hulle het tot bekering gekom, maar baie se lewens wys daar niks van nie – dis 'n goedkoop en vals bekering want daar is nie omgedraai nie. "Omdraai" is om op te hou om in een rigting te leef, doelbewus te sterf in Jesus en om Hom deur Sy Gees toe te laat om jou in'n ander rigting te vat.

Toets jouself hieraan: hoe lyk jou lewe op hierdie oomblik? Want dit wat jy nou doen (nie wat jy glo/hoop nie!) bevestig of die Here aan jou geraak het.

Hierdie dinge bevestig net weer dat dit net aangeraakte mense is heilig oor genade kan praat. Ons wil hierdie 4 stappe uithaal en gemaklik hoop dat 'n heilige aanraking maklik kom. *Die verskriklike hiervan is (en ek huiwer om dit te s? dat God uitstap op mense wat net wil praat oor genade maar nie stil raak in sy heiligheid nie. God is God – die heilige God wat 'n streep trek en ook kan oordee lmet "genoeg is genoeg." Dit was Dani䁡 en Jesaja se boodskap aan die mense nadat die Here hulle monde aangeraak het: verander of sterf* (Jes 6:10).

Slot. Wat nou? Om die dinge te hoor, huis toe te gaan?en 'n rukkie daaroor na te dink en voort te gaan, is soos die mense waarvan Jakobus (1:22) praat wat in die spie䁡 kyk, wegkyk en vergeet wat hulle gesien het en dan weer voort gaan. Alles wat met God te doen het, is **keuses wat gemaak word.** Soos Dani䁡 en Jesaja van ouds konfronteer ek jou in die naam van die Here met daardie keuse: wat gaan jy nou doen?

Die beloning daarvan is groot: jy sal die genade en barmhartigheid van God beleef soos Dani䁡 10:17-19 dit beskryf. Die belewing daarvan begin by die 4 dinge: *toon berou; bid; vra na sy wil, draai om.* Kom ons wy onsself weer daaraan toe.

Amen.